Geliefde Lourensrivierder

Ek is terug op my pos♫ Ek het maar net weereens besef hoe belangrik dit is om goeie kwaliteit tyd met jou maat te spandeer, die fone weg te sit en sommer net stil te raak in mekaar se geselskap. In Hooglied 7:11-12 nooi die vrou haar man soos volg uit:
“Kom, man wat ek liefhet, kom ons gaan veld toe,
kom ons gaan slaap in die dorpies;
ons gaan vroeg smôrens na die wingerde toe,
ons gaan kyk of die wingerdstokke bot,
of die botsels oop is en die granaatbome bloei.
Daar sal ek my liefde vir jou gee.”
Is dit nie romanties nie??? ❤

Ons word werklik verswelg met wêreldse dinge en tegnologie en weet nie meer hoe dit is om waarlik af te skakel nie.... Hoe om stil te word (werklik stil) of stil te sit nie.....

Daarom is dit lekker om te weet ons het ‘n hemelse Vader wat dit verstaan en vir ons iets daaroor sê in Matt 11:28-30 “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.”

NUUSKRUMMELS: 08 MAART 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

INDIEN IEMAND INBETALINGS OF DANKOFFERS WIL MAAK, PLAAS EK WEER DIE BANKBESONDERHEDE:

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier
Bank: ABSA Bank Strand
Rekeningnommer: 420 580 231
Takkode: 334 312

Verwysing:
Stuur ‘n bewys van inbetaling aan die kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of per faks (021) 853 8009 met verwysing:

- Naam, wyk– of satellietnommer
- Waarvoor bv. dankoffer, voedselfees

Jy kan nou die ZAPPER selfoon toepassing as ‘n addisionele manier vir Bankkollekte en dankoffer bydraes gebruik. Laai die “APP” gratis af van jou selfoon se “app store” Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper. Vir inligting of navrae: 021 853 5991

DANKIE

Hiermee wil ons hier by Lourensrivier Gemeente vir Goulter Marais van Oasis Water in Gants net baie baie dankie sê vir die groot skenking wat ons van hom ontvang het. Mag die Here jou, jou gesin en besigheid seën.

KERKNUUS UIT OMGEWING

LEWENDE WOORD: PAASNAWEEK MUSIEKAAND (Advertensie onder aangeheg)

OPLEIDINGS GELEENTHEID VIR INTERSESSORS EN BIDDERS

Datum: 9 & 10 Maart
Tye: Vrydag 19h00-21h00 en Sat. 09h00-15h30
Waar: NG Kerk Suider-Strand
Koste: R60
(Koffie, tee & Sat. middagete ingesl.)
Aanbieder: Paul Botha
Liefdesoffer sal vir aanbieder ingesamel word.
Kontak Petru by 084 971 6879 om te registreer en te reël vir betaling
Bankbesonderhede:
ABSA, NG Kerk Suider-Strand
Tjekrek. 420580274
Verwysing: IntEquip Voorlettereen Van (bv. IntEquip PSmith)
Registrasie is belangrik t.w.v. etes wat gereël moet word.

GEBEDSGELEENTHEID:

Sat. 24 Maart 2018 by Mitchells Plein.
'n Bus word gereël vanaf Suider-Strand se parkeerarea. Kaartjies kos R50 pp.
Vertrektyd: 7:00
Terugkeer: tussen 16:00 en 17:00
Bespreek asb vooraf jou plek.
(2 busse is reeds vol) "First come first serve"
EFT na A Bothma,
Bank: Capitec met Rekeningnr 1234956746
Takkode 470010.
U Verw is: Voorletter en Van en Arrow.
Bevestig betaling per SMS met Amanda by 0832711837.

NUUS UIT GEMEENSKAP

Op grond van Joanette Kruger van Joya Homes se besoek Sondag by Lourensrivier asook talle navrae, plaas ons hul kontakbesonderhede:
FB blad: https://www.facebook.com/Joya-Homes-357935187557761/
Webwerf: https://www.joyahomes.co.za/
Tel: 079 506-4937 of joannette@joyahomes.co.za
Grootste dringendste behoefte op die oomblik:
Joya Homes is dringend opsoek na 'n spel terapeut wat haar\sy vrywillige dienste sal lewer in die uiterste gevalle. Die terapeut moet kruis kultureel kan werk met kinders wat trauma ervaar het bekend en onbekend. Ons vra 'n toegewyde persoon om langtermyn betrokke te raak.

VERSOEKE:

- Op soek na woonstel teen al die gewone voorwaardes vir ’n egpaar (en hondjie) met sober gewoontes. Kontak asb: Werner @ 0827793707
- Jeanette Marais is op soek na ‘n ander woonstel. Verkieslik ‘n tuinwoonstel (1 Slaapkamer) vanaf 1 April. Sy kan tot R5500 bekostig. Kontak 021 864 1241.

BERG 80 VERJAARSDAE:

Van	Noemnaam	Verjaar	Ouderdom
Brand	Rensche	03/01	81
Luyt	Norman	03/05	86
De Villiers	Retha	03/12	88
Huysamen	Flip	03/13	84
Kuhn	Chresna	03/13	83
De Lange	Emmie	03/30	89

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Num 6:24-16 Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!

DOOP OP 4 MAART 2018: BAIE GELUK!

MAG DIE HERE JULLE SEëN!♫

Jaunré Wessels

Ouers:
Jaun & Chantelle

Matthew Meyers

Ouers:
William & Ilse

KNIEWERK:

- Ons bid vir die boere wat swaarkry, reën, ons waterkrisis asook vir vrede, eenheid, regverdigheid en eerlike leiers.
- Paul Louw vir gesondheid (kanker)
- Sannie le Roux vir gesondheid (kanker)
- Christa Olivier se suster by die huis (dankie Here). Bid asb vir spoedige herstel.
- Piet Nortje vir gesondheid
- Joël Kriegler vir bestraling
- Makkie Marx vir gesondheid
- Ons innige meegevoel met Amanda Slabber & familie met die heengaan van haar suster, Marieta Bosman
- Ons innige meegevoel met Jannie van Eeden & familie met die heengaan van sy vrou, Leonie
- Ons innige meegevoel met Thys en Madalene Wilkinson & familie met die heengaan van Madalene se ma, Monica Lambrechts



FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 11 MRT SE BOODSKAP: JOH 3:14-21
(VIERDE WEEK IN LYDENSTYD)

Ons teks begin ons alreeds voorberei vir Goeie Vrydag, wanneer ons aandag fokus op Jesus wat aan die kruishout "verhoog" is, sodat daar vir ons lewe en genesing kan wees.
Ons staan stil voor die misterie van God se liefdevolle teenwoordigheid in die wêreld. Ons sien dit gedemonstreer aan die kruishout, die plek van verhoging, die plek van oorwinning.
Ons besef Jesus se woorde aan Nikodemus, is Jesus se woorde aan ons.
Die kruis plaas ons voortdurend op losse skroewe. Dit lok ons uit die duister skaduwees na die lig, die waarheid, die lewe. Dit soos die sonde en kwaad in ons, en soek na die genesing in Christus.
Die vraag is nou of Johannes 3:16 net 'n spreuk is wat op T-hemde of op bufferplakkers aangebring moet word? Hierdie vers is ingebed in God-in-Jesus se program om lewe vir die wêreld te bring. Johannes 3:16 is deel van God se program vir die wêreld. Daarom is dit meer as 'n spreuk, dit is deel van die kerk se roeping in die wêreld.
Die kerk se roeping is om die getuienis van die gekruisigde en lewende Jesus Christus lewend te hou in die wêreld. Ons leef vanuit hierdie werklikheid, waarin ons ons genesing vind.
Iemand skryf:
Wanneer ons elke dag by die kruis kniel, ons sondes bely, vergifnis ontvang en opstaan as verlostes, groei die liefde tussen God en ons, groei die liefde tussen ons en ons medemens. Daar by die kruis besef ons hoe broos en boos ons is, en hoe broos en boos andere is. Daar leer ons hoe groot die liefde van God en sy vergiffenis werklik is.
Dit gee ons "hoop" – vir onsself, maar ook vir andere, vir die wêreld. Net soos die bronsslang Israel se hoop op genesing en lewe was, so is die verhoogde/gekruisigde Christus die wêreld se hoop op die ewige lewe.
Kyk na hierdie mooi animasie van God se onvoorwaardelike vergewende, verlossende LIEFDE!:
https://www.youtube.com/watch?v=hsaT_B9Izlc&t=34s

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier



PaasNaweek Musiekaand

MET

CARINDE VAN SCHALKWYK

VAN

ONBESKAAMD

MUSIEKGROEP

31 MAART '18

18:00 NM

PLEK:
Lochnerhof Skoolsaal
Hoek van De vos en Runge Straat
Strand

R100per volwassene
R50 per kind

Elsa // 061 017 2557
Marinda // 082 752 9994
helderberg@lewendewoord.co.za

LEWENDE WOORD HELDERBERG